

Saterdag 26 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 5:17-33

Fokusgedeelte: Handeling 5:26

Ons moet God meer gehoorsaam as mense!

Die hoëpriester was afgunstig op Petrus en die apostels, omdat hulle aanhou om die leer van Jesus Christus verkondig. Al die planne om dit te stop, het tot dusver misluk. Hoekom was hulle so gekant teen die leer van die apostels? Die hoëpriester en ander was Sadduseërs – hulle het nie geglo dat daar lewe ná die dood was nie. Nou verkondig die apostels juis dat Christus uit die dood uit opgestaan het (sien ook 3:2).

Keer op keer gaan Petrus en die ander apostels voort om die wonderlike blye boodskap te bring dat Jesus Christus uit die dood uit opgestaan het. Niks laat hulle afskrik nie, selfs nie dreigemente, gevangenis en lyfstraf nie. Hoekom nie? Hulle is meer gehoorsaam aan die Here as aan mense. Hulle probeer nie die politieke en geestelike leiers van Jerusalem te beïndruk en hulle na te praat nie. Hulle kan nie anders as om die opdrag wat Jesus Christus vir hulle gegee het, vol van die Heilige Gees, uit te leef nie. Dit wat mense sê, maak nie saak as jy die waarheid van God se Woord het nie.

Is jy die Here meer gehoorsaam as vir mense? Beleef jy ook die konfrontasie van die wêreld dat jy nie moet voortgaan om die evangelie van Jesus Christus te verkondig nie? Indien jy nie besig is om die evangelie te verkondig nie, gaan jy nie weerstand beleef nie. Daarom moet ons eers God gehoorsaam wees en met blymoedigheid die evangelie verkondig. Wees God gehoorsaam in alle aspekte van ons lewe. Dan kan ons, wanneer iemand by die skool of by die werk van ons vra om iets te doen teen die Woord van die Here, met sterk getuienis antwoord: Ek moet God meer gehoorsaam as mense!

Sing: Psalm 103-1:1, 9

Ds. ID de V Potgieter (Danie) (Rietvallei)